IBO IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N04/1/A1AFR/HP2/AFR/TZ0/XX

88040002

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 2**
**AFRICAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 2**

Wednesday 17 November 2004 (morning)
Mercredi 17 novembre 2004 (matin)
Miércoles 17 de noviembre de 2004 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Uitgebreide verwysings na 'n Deel 2 werk van dieselfde genre is toelaatbaar, maar slegs as bykomend tot die minimum van twee Deel 3 werke. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.*

**Drama**

**1.** (a) Alhoewel nie altyd so klaarblyklik nie, dra die hoofkarakter dikwels kardinale karakterswakhede in haar/hom om wat haar/sy lewensloop grondig beïnvloed. Bespreek die stelling na aanleiding van die gelese dramas.

*of*

(b) Die goeie drama ondersoek op 'n subtiele manier die magstryd tussen mense. In welke mate is dit waar van die gelese werke?

**Poësie**

**2.** (a) 'n Beroemde kritikus het eens van poësie gesê: As die lewe druiwe is, dan is die poësie wyn. Wat daarmee bedoel is, was dat die poësie die essensie van die lewe in hom omdra.? Hoe dra poësie die essensie van die lewe in hom om?

*of*

(b) Die toon van gedigte verskil heel subtiel. Voorbeelde van toonaard kan wees: bepeinsend, bitter, verlangend, ontnugter, speels, sober, ensovoorts. Watter toonaarde het jy in die gelese gedigte teengekom en hoe is dit deur die digter verwesenlik?

**Roman**

**3.** (a) Karakters uit 'n bepaalde era word in 'n sterk mate gerig deur sosiale en kulturele denkrigtings van 'n bepaalde tyd. In watter mate is die karakters waarmee jy kennis gemaak het, onderworpe aan die sosiale en kulturele konteks waarbinne hulle leef? Verwys na op die meeste drie romans.

*of*

(b) Die liefde (en sy teenpool, haat) is van die belangrikste dryfvere in die mens se lewe. In watter mate geld die stelling ten opsigte van die karakters wat jy in die gelese romans teengekom het? En hoe word die emosies in die gelese werke hanteer?

**Kortverhaal**

**4.** (a) Die kortverhaal is so bondig dat dit slegs twee teenoormekaar gestelde karakters kan huisves. Hierdie karakters staan in spanning teenoor mekaar vanweë opponerende gesigspunte. Bespreek die geldigheid van die stelling na aanleiding van gelese werke.

*of*

(b) ’n Onbevredigende slot mis noodwendigheid, terwyl ’n goeie kortverhaal weer na slegs een ontknoping kan lei. Bespreek die stelling na aanleiding van die bestudeerde werke.

**Algemeen**

**5.** (a) In goeie letterkunde is karakters se lewensloop onlosmaaklik verbind met die gebreke in hul karakter. Kan jy met die stelling saamstem na aanleiding van die bestudeerde werke?

*of*

(b) Letterkunde mag jou ontsteld en bedroef laat, maar altyd ook bevredig. In die lig van die stelling, bespreek die aanbieding van aspekte soos karakter en intrige.

*of*

(c) In letterkunde kom karakters tot selfkennis, maar nie noodwendig nader aan geluk nie. Bespreek die stelling.

*of*

(d) ’n Goeie intrige is die voorvereiste vir bevredigende karakterontwikkeling. Hoe is die stelling waar na aanleiding van die bestudeerde werke.